

Hoe kan ek my dankoffer met SnapScan betaal?

Die tegnologie word al hoe wonderliker.....jy kan nou ENIGE plek onder die son jou dankoffer betaal. Dit is veilig en maklik en jy hoef nie te wag dat dit van jou bankrekening afgaan nie. Dit gebeur dadelik. Probeer dit gerus. Indien jy sukkel/hulp nodig het kom klop gerus by die kerkkantoor aan.



Wat het ek nodig om SnapScan te kan gebruik?

- 'n Slimfoon
- 'n Bankkaart wat 'n "chip" in het.
- Jou naam moet op die bankkaart wees
- Agterop die kaart is 'n 3 syfer sekuriteitskode - CCV kode



Hoe laai ek Snapscan op my foon?

- Gaan laai die "App" by een van die toepassings op regterhand af. Die toepassing se naam is Snapscan.
- As die toepassing klaar op die foon gelaai is, maak dit oop.
- Begin deur jou inligting in te sleutel (Epos adres, Naam en Selffoonnommer)
- 'n 6 syfer kode sal via sms na u foon gestuur word. Sleutel die kode in.
- Sleutel nou jou kaart besonderhede in OF hou jou foon se kamera net oor jou kaart. Die foon sal dit outomaties optel/raaksien.
- Die kaart se vervaldatum en CCV sekuriteitskode sal nou gevra word. Lees dit ook in. Onthou die CCV kode is die laaste 3 syfers agterop u kaart.
- Die naam op jou kaart sal nou ingesleutel moet word. Kies dan of dit persoonlik of 'n besigheidskartaar is.
- Kies nou 'n 4syfer geheime kode wat u altyd met SnapScan sal gebruik. Jy is nou gereed om 'n betaling via SnapScan te doen.



Merke, GereedGAAN



NG Garsfontein Dankoffers



Snap here to pay



STAP 1	STAP 2
<ul style="list-style-type: none"> • Maak snapscan app op jou foon oop • Neem 'n foto met jou foon se kamera van die snapscan ikoon (soos regs aangedui) • Die Garsfontein logo sal verskyn. 	<ul style="list-style-type: none"> • Tik die bedrag in wat u wil betaal & verwysing bv U van • Bevestig deur u PIN in te tik • Rekord van u SnapScan transaksies sal op U App gestuur word vir u verwysing.